

daarvan). Hier het ons 'n laterale alweolêre **t**, d.w.s. een met 'n sydelingse verbreking, soos in die geval van **l**. Die fonetiese teken vir sydelingse verbreking, indien vereis, is **t̥**. Hierdie laaste klank kan dus voorgestel word **t̥<sup>†</sup>**

## HOOFTUK XX.

### ASSIMILASIE, DISSIMILASIE EN ASSIBILASIE.

#### ASSIMILASIE.

834. Wanneer in woorde of woordgroepe naburige klanke mekaar influenseer, met die gevolg dat die een klank in minder of meerder mate gelykgemaak word aandie ander, word sodanige klankverandering *assimilasie* genoem.

Laat ons twee voorbeelde neem, nl. **ɔmo:nt̥ək** *onmoontlik* en **ɔmbələk** *onbillik*. In die eerste geval is die **n** van die voorvoegsel gelyk gemaak aan die **m**, m.a.w. heeltemal daardeur vervang, sodat in plaas van twee verskillende nasale, daar een te staan kom. In die laaste geval is daar in diè sin gelykmaking gekom dat die alweolêre nasaal **n** vervang is deur die bilabiale nasaal **m**, onder invloed van die bilabiale eksplisief **b**.

835. Gewoonlik vind die assimilasiEVERANDERING geen uitdrukking in die gewone spelling nie, soos ook in bogenoemde twee woorde die geval is. Vir 'n praktiese spelling sou dit 'n onbegonne taak wees om al die verskillende grade van assimilasiE te laat uitkom, en kan hoogstens algemeen erkende en duidelike gevalle erkenning vind. By 'n fonetiese transkripsie staan die saak natuurlik anders.

836. Dis gewoonte om assimilasiE op te vat as slaande op medeklinkers, wat begryplik is, omdat dit hier makliker waar te neem is. Daar's egter ook baie gevalle van klinkerassimilasiE, soos straks sal blyk.

837. AssimilasiE is 'n baie gewone en 'n wydvertakte klankverskynsel in Afrikaans. Wat meer is, dit mag veilig aangeneem word dat daar geen taal bestaan, bestaan het of sal bestaan waarin assimilasiE nie 'n rol van groter of kleiner omvang speel nie. Ons kan ons 'n taal nie sonder assimilasiE dink nie. Natuurlik is die omvang en die aard van assimilasiE verskillend in verskillende tale.

838. Hierdie klankverskynsel kan onder verskillende hoofde ingedeel word. In die eerste plaas kan dit ingedeel word in:—

(i) *Algemene* of *vaste assimilasiE*, d.i. assimilasiE wat by iedereen wat 'n taal as moedertaal spreek, voorkom. HiertoE

behoort die oorgang van  $n >^1 p$  voor  $c$ : *kapci kantjie* naas *kant kant*.

(ii) *Individuele assimilasië*, d.w.s. die assimilasië wat by sommige lede van 'n volk wêl, by ander nie aangetref word nie. Hiertoe kan gereken word die oorgang by baie sprekers van  $d > in$  in bv. *kənərs*, terwyl ander sê *kəndərs kinders*.

(iii) *Assimilasië deur posiesie*, waarby dit afhang van die vraag of 'n vorm mèt of sonder nadruk uitgespreek word. In *və-jə 'kəm wil jy kom?* word *l* geassimileer aan *j*, maar in *vəl 'jei kəm?*, met die hoofklem op *jei*, bly *l* bewaar.

839. By die voorgaande het ons gelet op die minder of meerder algemeenheid van die taalverskynsel. Let ons daarentoe op die taalverskynsel self, dan kan ons dit indeel in:—

(i) *Progressiewe assimilasië*, waarby 'n voorafgaande 'n volgende klank wysig: bv. in *ənər onder* werk die invloed van  $n$  in voorwaartse rigting en maak so *d* aan hom gelyk.

(ii) *Regressiewe assimilasië*, waarby 'n volgende klank 'n voorafgaande wysig: bv. in *kapci kantjie* werk die invloed van die palatale eksplosief  $c$  in agterwaartse rigting en verander so die alweolêre  $n$  in die palatale  $ɲ$ .<sup>2</sup>

**Opm.**—Sommige tale gee die voorkeur aan een of ander van die twee genoemde soorte van assimilasië. Afrikaans besit heelwat voorbeelde van altwee, maar progressiewe assimilasië tel darem meer.<sup>3</sup>

(iii) Assimilasië wat *sowel progressief as regressief* werk, d.w.s. een waarby die klankwysiging sowel aan 'n voorafgaande as aan 'n volgende klank toe te skrywe is. Hiertoe behoort die oorgang

<sup>1</sup>  $>$  is die aanduiding vir „oorgaan tot,” terwyl die teenoorgestelde teken  $<$  aandui „ontstaan uit”.

<sup>2</sup> Van tyd tot tyd is van verskillende kante beswaar gemaak teen die terme „progressief” en „regressief,” en ander in die plek gestel of aan die hand gegee, vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, § 160, volg., en De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, § 141. Teen elkeen van die voorgestelde terme kan egter een of ander beswaar gemaak word en daarom verkies ons die internasionale terminologie, as synde die gebruiklikste.

<sup>3</sup> Van Ginneken beskou die gebruik van die een of ander van die twee tipes as die gevolg van die temperament van die volk in kwessie. Hy sê: „Iemands individuele taal en taalgewoontes wijziging op den duur naar zijn persoonlijk temperament, karakter en levenswijze: standvastige, stijve karakters met veel Sekundairfunctie of Perseveratietendenz zullen zich overgeven aan allerlei inertie of zoogenaamde progressiewe assimilatie, terwijl meer jolige, plooibare menschen met Primairfunctie en weinig Perseveratie, aan de anticipaties of de zoogenaamde regressiewe assimilaties de voorkeur zullen geven”. Hy gaan voort met daarop te wys dat die Hollanders in enger sin die voorkeur gee aan progressiewe assimilasië, die Limburgers daarentoe aan die regressiewe tipe, wat, volgens hom, klop met hulle temperament. Vgl. Van Ginneken, *De Nieuwe Richting in de Taalwetenschap* (Zielkundige Verwickelingen” IV., 4), bl. 28.

Rombouts, *De Psychologie der Kleutertaal* (Malmberg, Nijmegen), bl. 64, gee die volgende psigologiese verklaring van die twee tipes: *progressiewe assimilasië* is die gevolg van „het streven om 'n eenmaal uitgevoerde verrichting niet los te laten”, terwyl *regressiewe assimilasië* berus „op 'n zekere voorbarigheid, 'n vooruitloopen van de aandacht”.

van 'n intervokale afsluitingsklank tot vernouingsklank: bv. **tavərt** < **tabərt** *tabberd*. Die gedeeltelike oopword (vernouing) van die afsluitingsklank **b** is toe te skrywe sowel aan die voorafgaande as aan die volgende klinker (oop klank, vgl. § 411).

**Opm.**—Hierdie tiepe is baie seldsamer as die eerste twee. Tog tel dit heelwat voorbeelde in Afrikaans, veral in die uitspraak van bepaalde dele van die spraakgebied.

(iv) *Wederkerige assimilasië*, waarby die twee naburige klanke wedersyds invloed uitoefen, met die gevolg dat altwee in minder of meerder mate gewysig word. Die duidelikste voorbeelde van hierdie tiepe vind ons by tweeklanke. Neem die Afrikaanse tweeklank **ou**: die **u** het die oorspronklike **ɔ** (wat nog bestaan in die ooreenstemmende Ndl. tweeklank **ɔu**) na hom toe getrek, met die gevolg dat die **ɔ** gestyg het tot **o**; omgekeerd het die oorspronklike **ɔ** die **u** na hom toegetrek, met die gevolg dat die gedaal het, d.w.s. laer staan as die **u** wat nie in hierdie kombinasie voorkom nie. Die twee dele van hierdie tweeklank is dus respektieflik hoër en laer as wat die twee aparte klinkers op sigself is, hoewel die verskil in 'n breë transkripsie slegs in duideliksprekende gevalle (bv. **ɔ**) uitdrukking vind. Iets dergeliks is waar te neem by die ander tweeklanke.

840. Iedereen van die vier tiepes in die vorige paragraaf genoem kan wees (a) *gedeeltelik* of (b) *geheel*. In **ɔmbələk onbillik** gaan die alweolêre nasaal **n** > die bilabiaale nasaal **m**, onder invloed van die bilabiaale eksplosief **b**. Dit heet *gedeeltelike assimilasië*.

In **ɔmo:ntlək onmoontlik** word **n** opgelos in **m**. Dit heet *algehele of volledige assimilasië*.

841. Van tiepes (i) en (ii) is daar baie voorbeelde te vind in Afrikaans van hetsy gedeeltelike, hetsy volledige assimilasië. Van tiepes (iii) en (iv) is die voorbeelde van volledige assimilasië in Afrikaans baie beperkter, veral by (iv). As voorbeeld van volledige assimilasië onder (iii) kan ons neem die gevalle waar 'n medeklinker tussen twee klinkers verdwyn het, bv. **o:ə oē**, mv. van **o:x oog** (vgl. die wisselvorm **o:gə oge** en Ndl. **o:gə ogen**).

As voorbeeld van volledige assimilasië onder (iv) kan ons neem die **o**: van **so**: en **vo**:, wat voorkom as wisselvorme van die tweeklank in **sou sou** en **vou vou**. Hier het die twee elemente van die oorspronklike tweeklank **ɔu** (vgl. Ndl. **ɔu**) verdwyn, maar nie voordat dit 'n monoftong in die lewe geroep het nie, wat tussen die twee elemente van die oorspronklike tweeklank staan.

842. Dis van meer praktiese waarde om te let op die volgende onderverdelinge:—

(i) *Wysiging in die plek van artikulasie*: by **ɔmo:ntlək** is die alweolêre nasaal **n** opgelos in die bilabiaale nasaal **m**. Hierdie tiepe is gewoon in Afrikaans en kan onder verskillende hoofde ingedeel word (kyk verderop).

(ii) *Wysiging in die manier van artikulasie*: by **kɛlɔr kelder** is die afsluitingsklank **d** opgelos in die syklank **l**. Hierdie tiepe is eweneens gewoon in Afrikaans en kan onder verskillende hoofde ingedeel word (kyk verderop).

(iii) *Wysiging van asem tot stem*: bv. die oorgang van die stemlose alveolêre eksplisief **t** in die stemhebbende alveolêre eksplisief **d** in gevalle soos **mɛ-di met die**, **pɔddɛksəl potdeksel**. Hierdie tiepe is beperk in Afrikaans.

(iv) *Wysiging van stem tot asem*, dus die omgekeerde van die vorige. Hierdie tiepe behoort tot de hoogste uitsondering in Afrikaans. Hiertoë behoort **ɔp-i** (naas **ɔb-i**) uit **ɔp di op die**.

843. Die wysiging in artikulasie, dus in klank, wat plaasvind tēn gevolge van assimilasie, kan onder reëls gebring word. Sodanige reëls is bekend as *sandhi-reëls*.<sup>1</sup>

844. In die normale spraakverband influenseer konsonante mekaar sterk in Afrikaans. Sandhi-reëls speel dan ook 'n groot rol in Afrikaans.

845. Die rigting waarin sandhi-reëls werk kan baie verskillend wees in verskillende tale. Die arbeidsveld is nog te onontgonne om te probeer om 'n volledige stel sandhi-reëls vir Afrikaans op te stel. Ons noem egter die volgende:—

1°. **n** van 'n voorvoegsel > **m** voor **m**, **b** en **p** van die grondwoord: **əməkɑ:r innemkaar**, **ɔmbəlɛk onbillik**, **ɔmpaslɛk onpastlik**.

2°. **n** > **ɲ** voor **c** en **j**: **kɑɲci kantjie** (naas **kant**), **kɑɲ-jei kan jy**.

3°. **n** > **ŋ** voor **k**: **ɔŋkrœyt onkruid**.

4°. **lj** > **j**: **vəl jei** > **və-jei wil jy**.

5°. **tj** > **j**: **hɛt jei** > **hɛ-jei het jy**. Hierdie tiepe is baie gewoon in Afrikaans. Trouens, dis die reël, behalwe by nadruk, waar die **t** kan bewaar bly; vgl. verder **mu-jei moet jy**, **va-jei wat jy**, **na:da-jei nadat jy**, **la:-jei laat jy**, ens.

6°. **lm** > **m**: **almal** > **amal almal**.

7°. **ln** > **l**: **vəl ni** > **vəl-i wil nie**, **səl ni** > **səl-i sal nie**.

8°. **t** > **d** voor **d**: **mɛ-di met die**, **pɔddɛksəl potdeksel**.

9°. **p** > **b** voor **b**: **kabblok kapblok**.

10°. **k** > **g** voor **g**. Voorbeelde van aparte woorde ontbreek, maar 'n woordgroep as die volgende kan as voorbeeld dien: **dəs ə dəg-gvaribo:m dis 'n dik ghwarrieboom**.

11°. **nd** > **n** (kyk § 447 volg).

12°. **ld** > **l** (kyk § 447 volg).

13°. **rd** > **r** (kyk § 447 volg).

14°. **mb** > **m**: **de:sɛmər Desember**.

15°. Hier wys ons op die talryke gevalle van regressiewe assimilasie in Afrikaans waarby 'n klinker genasaleer word voor 'n volgende nasaal, met verdwyning van die nasaal self (kyk § 325).

<sup>1</sup> „Sandhi” is 'n term ontleen aan die Sanskrit grammatika. Dit beteken „samevoeging”.

846. Ons wys verder op die volgende punte :—

1<sup>o</sup>. Nos. 8, 9 en 10 van die vorige paragraaf kan so saamgevat word : 'n stemlose eksplisief word stemhebbend voor 'n homorgane stemhebbende eksplisief, m.a.w. los hom daarin op. Voor 'n nie-homorgane stemhebbende eksplisief bly die stemlose eksplisief stemloos : bv. *væddo:rəŋ widdoring*, maar *pætho:m pitboom*, *pakdax pakdag*.

**ɔ-bi** (naas **ɔ-pi**) naas en uit **ɔp di** op die vorm die uitsondering (vgl. § 842 (iv)).

2<sup>o</sup>. Afgesien van klinkers, geld assimilasië in Afrikaans gewoonlik eksplisiewe en likwiedes (**l**, **r** en die nasale), hetsy elke groep apart, hetsy die groepe onderling.

3<sup>o</sup>. Die wysiging van asem tot stem vind in Afrikaans net plaas by eksplisiewe, nie by frikatiëwe nie. So gaan **f** nie > **v**, **s** > **z** of **x** > **g**, soos bv. in Nederlands nie : *lifdø liefde* (naas Ndl. *livdø liefde*), *hœysdi:r huisdier* (naas Ndl. *hœyzdi:r huisdier*), *afvas<sup>1</sup> afwas* (naas Ndl. *aɤvasə afwassen*), ens.

4<sup>o</sup>. Dis 'n hoë uitsondering dat suiwer frikatiëwe in Afrikaans assimilasië veroorsaak. Hiertoë behoort die volgende opsigselfstaandegevalle : **a-si** < **as di** *as die*, **ng-si** < **ngs di** *nes die*, **ɔ-fi** < **ɔf di** *of die*.

5<sup>o</sup>. Assimilasië van medeklinker op klinker vind ons in Afrikaans in die talryke voorbeelde van genasaleerde klinkers (vgl. § 324 volg.).

6<sup>o</sup>. Die omgekeerde, nl. assimilasië van klinker op medeklinker, is gewoon in Afrikaans. Hiertoë behoort die oorgang van die middel-velêre **k** > die voor-velêre **k** voor voorklinkers (vgl. § 482) en van die middel-velêre **x** > die voor-velêre **x** in dieselfde posiesie (vgl. § 662).

847. Uitstoting van 'n klank kan ook as 'n tiepe van assimilasië beskou word. Neem die geval van **t** in *me:sal*, naas en < *me:stal meestal* : i.p.v. 'n sluiting te vorm na die vernouingsklank **s**, word 'n korter weg gevolg deur van die vernouingsklank oor te gaan op die oop klank, nl. die klinker **a**.

848. Assimilasië is die gevolg van die werking van oorgangsklanke. Assimilasiëverskynsels verskil van oorgangsklanke in graad, nie in wese nie.

## DISSIMILASIE

849. Onder *dissimilasië* word verstaan die teenoorgestelde van assimilasië : in stede dat die klanke, in minder of meerder mate, die een aan die ander gelykgemaak word, gaan hulle verder van mekaar.

Die voorbeelde van hierdie verskynsel is baie beperk in die tale waar dit voorkom. 'N klassieke voorbeeld is *pɤlɤrəm pelgrim* (Ndl. *pɤlgrəm pelgrim*), wat teruggaan op Mlat. *peregrinum* : I het dus die plek ingeneem van die eerste **r**.

<sup>1</sup> Die vorm *avas*, wat gehoor kan word, is wel die uitsondering wat die reël bevestig.

Twee algemene voorbeelde het ons in Afrikaans in **nyskirəx** naas en < **nysxirəx** *nuusgierig*, en in **bəska:si** *boskasie*, naas en < **bəsxə:si** *bosgasie*, waar in altwee gevalle die frikatief, na die vorige frikatief, vervang word deur die eksplousief.

In al hierdie voorbeelde is verskeidenheid blykbaar makliker as gelykheid.

### ASSIBILASIE.

850. 'N besonder tiepe van assimilasie is wat genoem word *assibilasie*.<sup>1</sup> Hieronder word verstaan die oorgang van eksplousief tot frikatief, met dien verstande dat die oorgang nie moet plaasvind onder invloed van 'n naburige frikatief nie; dan sou dit gewoon assimilasie wees. As voorbeeld van assibilasie word gewoonlik gegee die ontstaan van 'n frikatiewe gedeelte by affrikate: bv. tʃ in Eng. tʃɜ:tʃ *church*, waar die tʃ teruggaan op k, nl. op Grieks κυριακόν, waarvan ons 'n voorbeeld het in die gewestelike oorgang van **kənt** *kind* tot **cənt** tot tʃənt.

851. 'N beter voorbeeld van assibilasie het ons in Afrikaans in die algemene oorgang van **b** tot **v** in vörme soos **tavərt** uit **tabərt** *taberd* en **truvel** uit **trubəl** *troebel*. As ons **r** as frikatief beskou, het ons 'n ander voorbeeld in die oorgang van **d** tot **r**: bv. **para** uit **pada** *padda*, **stə:rəx** < **stə:dəx** *stadig*.

852. Net soos die teenoorgestelde van assimilasie genoem word dissimilasie, so sou ons die teenoorgestelde van assibilasie kan noem *dissibilasie*. Hiervan sou as voorbeeld kan beskou word **bəska:si** en **nyskirəx** (vgl. § 849).

**Literatuur.**—Daar bestaan 'n uitgebreide literatuur oor die assimilasierverskynsel. Ons verwys veral na die volgende: Noël-Armfield, *General Phonetics*, §§ 50-61 ('n volledige en oorsigtelike behandeling); Jones, *Outline*, §§ 518-530; Trofimov-Jones, *Pronunciation of Russian*, §§ 703 volg.; De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, §§ 146-153 (bevat interessante opmerkinge en interessante voorbeelde); Jespersen, *Lehrbuch*, §§ 169-179 (ryk aan voorbeelde); Passy, *Petite Phonétique Comparée*, §§ 274-277.

## HOOFSTUK XXI.

### DIE LETTERGREEP.

853. Om die lettergreep te behandel moet 'n mens jou losmaak van die tradisionele indeling en ortografie. Die ou gebruik om tussen twee konsonante wat na 'n kort vokaal volg die verdeling te maak, is beslis onfoneties, terwyl ook die beginsel om altyd voor 'n konsonant te verdeel nie altyd opgaan nie.

<sup>1</sup> Vgl. Jespersen, *Lehrbuch*, § 168 en Noël-Armfield, *General Phonetics*, § 60.

854. Die lettergreep het met sonoriteit van klanke te doen. Onder *sonoriteit* word verstaan die intensiteit, die draagkrag van klanke. Dit hang af van die kwaliteit en ook van die krag van die asemstoot.<sup>1</sup> Ons kan die lettergreep as volg definieer: 'n *lettergreep* of *sillabe* is 'n klank of klankgroep in een asemstoot uitgespreek, met 'n kern van relatief hoë sonoriteit, wat van 'n ander klankgroep geskeie word deur 'n vermindering en daaropvolgende styging in sonoriteit. Die kern is gewoonlik 'n vokaal.

855. Vokale, omdat die gang van die asemstoot ongehinderd deur mond of neus gaan, het 'n prominenter en hoër graad van sonoriteit as konsonante, en oop vokale is weer sonoorde as geslote vokale, stemhebbende as stemlose konsonante. Wat hier volg is die algemeen aangenome verhouding van klanke, wat betref die sonoriteit, in dalende volgorde gerangskik:—

- (1) Stemhebbende lae vokale: **ɔ, a, ɑ, ɛ.**
- (2) Stemhebbende middelhoë vokale: **ø, o, œ, e.**
- (3) Stemhebbende hoë vokale: **y, u, i.**
- (4) Stemhebbende r-klanke.
- (5) Stemhebbende laterale l.
- (6) Stemhebbende nasale klanke: **m, n, ŋ.**
- (7) Stemhebbende frikatiewe klanke: **v, z, ʒ, fi.**
- (8) Stemhebbende eksplisiewe: **b, d, ɡ.**
- (9) Stemlose frikatiewe: **f, s, x, ç.**
- (10) Stemlose eksplisiewe: **p, t, k.**

856. In die lig van die voorafgaande vind 'n mens dat lettergrepe gevorm word:—

(i) As daar 'n plotselinge vermindering in die trillingshoogte kom. Spreek **a** uit met lang asemstoot en verminder die trillinge op sekere afstande: net soveel verminderinge as daar is, net soveel lettergrepe bestaan daar.

(ii) As klanke van mekaar geskeie word deur minder sonore klanke.

857. Passy, die Franse fonetikus, definieer lettergrepe as klankgroepe geskeie deur 'n plotselinge vermindering van intensiteit. Beyer en Storm wil weer die werking van die klem en uitasemingsdruk hier sien, terwyl Jespersen al die moeilikhede vermy deur net 'n aanduiding te gee van waar die lettergreep in die sin aangetref word. Hy sê dat daar in ieder klankgroep soveel lettergrepe bestaan as wat daar duidelike relatiewe hoogtepunte in die volle klankuiting is.

858. Die klem het met die sillabe of lettergreep niks te doen nie, en die hoogtepunte word verkry deur die sonoorste en intensste klanke. Gewoonlik is die vokaal die sonoorste klank in die lettergreep, die vokaal wat Jespersen die *golftop* („Silbengipfel”) noem. As twee vokale dan langs mekaar te staan kom, ontwikkel daar tussen hulle gewoonlik 'n oorgangsklank, omdat die twee

<sup>1</sup> By fluister los die lettergreep hom op in klanke en vorm dit nie so'n eenheid soos in die gewone normale spraak nie.

sonore vokale of golftoppe meer skeiding eis as 'n blote pouse in sonoriteit: bv. **prə-j-e:l** *priël*, **fə-j-o:l** *viool*, **bai-j-ə** *baie*, **spə-j-un** *spioen*.

859. As twee vokale aldus opmekaar volg, kan die sonoorste die oorhand bo die ander behou. Gewoonlik volg daarna 'n verandering in toon. As dit nie gebeur nie, skeie Afrikaans die twee lettergrepe van mekaar deur 'n merkbare gebruik van die stembandeksplisief: bv. **me:-e:t** *mee-eet*, **ə-ʔē:s** *ineens*, **xə-ʔaŋkər** *geanker*.

860. Wanneer dus 'n ou boer 'n bedagsame „ja-a neef” „**ja:-a: ne:f**” uit en die klankvolheid neem tussen die twee **a**'s af, dan ontstaan daar twee lettergrepe.

861. Konsonante kan sillabies voorkom, nl. wanneer hulle die sonoorste klank van die klankgroep vorm. In Soeloe verskyn die nasaal in sillabiese posisie en in Belgaars en Tjeggoslawies die **r**, terwyl uit die Duitse en Engelse volksmond gehoor word **ha:bɪm** *haben*, **ge:bɪm** *geben*, **bɒtl** *bottle*, **beikɪ** *bacon*, **kæzɪ** *chasm*, ens.

862. Die uitspraak in Afrikaans is nie gespanne genoeg vir sillabiese konsonante nie en gewoonlik ontwikkel daar tussen die minder en meer sonore konsonant 'n tussenvokaal **ə** (vgl. § 386). Dis daarom dat daar so baie woorde gevind word—trouens nie alleen in Afrikaans nie, maar in baie ander tale—wat eindig op **ə** + konsonant.

863. Sillabiese konsonante het meestal alleen emosionele betekenis in Afrikaans en is nie 'n algemene verskynsel van die daaglikse omgangstaal nie. Saam hiermee gaan gewoonlik 'n verandering in toon: bv. **mar bre:k di dəŋ** *maar breek die ding*, **laŋkal lankal**, waar **bre:k** tweelettergrepig en **laŋkal** drielettergrepig is.

864. In asem- en betekenisgroepe kom die alweolêre nasaal sillabies voor in Afrikaans, soos die volgende sinnetjie aantoon: **hei-t sei xut xəfat-ŋ xəlo:p** *hy't sy goed gevat en geloop*. Dit gebeur gewoonlik na 'n alweolêre eksplisief.


865. 'N lettergreep heet *oop* as dit uitgaan op 'n vokaal, en *geslote* as dit uitgaan op 'n konsonant. In **so: so**, **pa: pa**, **xro:tər** *groter* en **mi:rə** *miere* is die eerste lette grepe *oop*, terwyl in **dak dak**, **foerk vurk**, **rim riem** dit weer *geslote* is.

866. Daar bestaan baie teorieë omtrent die indeling in lettergrepe, maar daar is wel 'n oplossing te vind, as uitgegaan word van twee uitgangspunte, naamlik die golftop en die omstandigheid dat lettergrepe van mekaar geskeie word daar waar die intensiteit 'n minimum bereik. Aan die hand hiervan kan die volgende reëls vir lettergreep-verdeling opgestel word:—

(1) As twee vokale op mekaar volg, val die verdeling tussen die twee, met 'n merkbare gebruik van die stemband-eksplisief voor die tweede vokaal, soos reeds in § 859 aangetoon.




(2) As twee konsonante op mekaar volg, volg dit vanself dat die eerste konsonant die eerste golftop sal afsluit en die ander die begin van die tweede golftop vorm. Dus sal die verdeling val tussen die twee konsonante, waar die intensiteit ook 'n minimum bereik.



vəŋ-kəl-rɑ:m *winkelraam* :

1<sup>e</sup> verdeling tussen ŋ (lae intensiteit) en k (lae intensiteit);  
2<sup>e</sup> verdeling tussen l (lae intensiteit) en r (relatief lae intensiteit).

(3) Waar daar net een konsonant tussen twee relatiewe hoogtepunte is, word die konsonant by die laaste lettergreep gereken, omdat die intensiteit moet oplei van 'n relatief lae na 'n hoë punt, waar dit kan afbreek; maar dis makliker om op te lei tot 'n hoë punt, as om met 'n hoë intensiteit te beginne. Dis daarom wat daar so min lettergrepe is wat met 'n vokaal in 'n woord begin, en die gebruik van die stemband-eksplisief so 'n kenmerkende plek inneem.



vəkəl-vakəl *wikkel-wakkel*.

**Opm. 1.**—Die wet van arbeidsbesparing vind ons ook hier in werking. Ons vind dat baie meer lettergrepe op 'n vokaal eindig as op 'n konsonant. Die rede is dit dat dit moeiliker is om laag-hoog-laag uit te spreek, as net laag-hoog in dieselfde asemstoot. Die konsonant wat in die volgende lettergreep volg, het dan kans vir voorbereiding, wanneer die volgende asemstoot gebruik word om dit uit te spreek.

**Opm. 2.**—Wanneer egter 'n konsonant van relatief swak intensiteit 'n konsonant van sterk intensiteit voorafgaan, dan val die verdeling nie tussen die konsonante nie, maar voor die swak konsonant: bv. **bēr-gə-krœy-nə** *bergekruiene*, **ka-tə-kvɑ:t** *kattekwaad*.

**Opm. 3.**—In samegestelde woorde, egter, is die verdeling in die meeste gevalle tussen die dele van die samestelling: bv. **ə-njəls-mən** *Engelsman*, **kvək-stɛ:r-ci** *kwikstertjie*, **laks-mən** *laksman*.

867. Die afbakening van die grense van 'n lettergreep hang dikwels meer van gevoels- en semantiese elemente af as van bloot fonetiese begrippe. In Frans byvoorbeeld sê hulle **prə-mje** *premier*, maar **prəm-jɛ:r** *première*, **a-strɛ:drɛ** *astreindre*, **ka-dna** *cadenas*, waar ons in Afrikaans in woorde van analogiese bou vind **krɔ̃j-je**: *Cronjé*, **as-prɛs** *aspres*. Die verskil wortel ook miskien in die omstandigheid dat Frans 'n baie meer gespanne artikulasie het as Afrikaans.

Vir Afrikaans egter moet gekonstateer word dat die verdeling in lettergrepe baie afhanklik is van die volgorde van sonore en klankarm fone, en van die reeds aangehaalde arbeidsbesparing.

868. Baie misleidend is die Afrikaanse ortografie en dosente stuit herhaaldelik op moeilikhede in verband met lettergreepverdeling. In Afrikaans word twee konsonante geskrywe waar een uitgespreek word, en is dit gebruiklik om tussen die twee te verdeel, wat heeltemal onfoneties is. Woorde soos *pikke*, *baadjie*, *laggie*, ens., moes eintlik so verdeel word: *pi-kke*, *baa-djie*, *la-ggie*.

869. Twee vokale kan langs mekaar in een lettergreep voorkom, maar hier los die onderskeidingseienskappe van die twee hulle op en word die vokale 'n diftong, wat as een klank, met 'n duofoniese bou, moet beskou word. Tussen die twee vokale is daar nie 'n afneming in klankvolheid nie, maar is die oorgang van die een klank na die ander momentaan, sonder 'n hoorbare oorgangsklank te ontwikkel.

870. Soos reeds aangeduie, praat ons egter in woordgroepe en dis in die woordgroep dat die woord homself oplos en veranderinge ondergaan, en gevolglik is die lettergreep ook nie vas nie. Die sinnetjie *ons het almal op die skuit gery, na die piekniekplek toe*, sal ons so moet skrywe ʃ(:)sətamalɔpiskœytxərɛi, naripiknik-plektu.

Die woordgroepe kry hulle bestaan (a) van die asemgroep en (b) van die betekenisgroep. Wat die lettergreep, met sy lettergreepkern („silbenträger”), nl. die vokaal, in die woordgroep doen is net om die klankklem daaraan te gee.

**Literatuur.**—Ons verwys na Jespersen, *Lehrbuch*, § 191 volg., en De Froe, *Klanken van het Nederlandsch*, § 112 volg.

## HOOFSTUK XXII.

## KLEM.

871. *Klem* (*dinamiese nadruk of kragaksent*) is die graad van luidheid van 'n lettergreep, wat afhang van die krag van die asemstoot waarmee dit uitgespreek word.

872. Omdat toon en klem nou met mekaar verwant is, word hulle baiekeer verwar. Hoewel in baie gevalle die een van die ander afhang, is die intensiteit nog meer. Eers as daar 'n vereniging van die absolute sterkte of liever skerpste van 'n klank met 'n van die sin afhangende graad van uitasemingsenergie is, kry 'n mens die intensiteit, d.w.s. die krag waarmee dit die oor tref. Gewoonlik hang die duidelikheid van 'n klank af van die uitasemingsenergie. Op die kimograaf word dit aangeduie deur 'n langer open neer-beweeg van die registrerende pennetjie.

873. Wanneer in 'n woord een lettergreep kragtiger uitgespreek word as 'n ander, heet dit *beklem* en word gesê dat dit die *hoofklem* dra. Die ander lettergrepe het dan *swak klem*. Soms egter kan 'n lettergreep met swakker klem as die „hoofklem” uitgespreek word, terwyl dit tog sterker is as die „swak klem”. So'n lettergreep het dan *byklem*. Die fonetiese teken vir hoofklem is ' , geplaas regsvoor die lettergreep in kwessie. Byklem word gewoonlik nie aangeduie nie, maar die teken is \ , eweneens regsvoor die betrokke lettergreep.

874. Klem kan onder twee hoofrubrieke behandel word :

(a) In 'n sin, as een woord uitgesonder word van die ander woorde en met sterker klem uitgespreek word, heet dit *sinsklem*.

(b) In die uitspraak van 'n woord word 'n seker lettergreep of seker lettergrepe met meer klem uitgespreek as die ander : dit heet *woordklem*.

**Opm.**—Fisiologies is daar by klem beide 'n bewuste en 'n onbewuste groter gespannenheid van spraakorgane, wat ook 'n vaster artikulasie laat volg. Volgens Dr. C. M. Doke<sup>1</sup> is die resultaat hiervan 'n groter beweging na benede van die onderkakebeen. Hy het 'n apparaat ontwerp wat klem moet aanduie.

875. Klem het invloed op lengte. Beklemde lettergrepe is altyd iets langer as onbeklemde lettergrepe, wat ook duidelik by opwinding gesien kan word.

876. As spesiale klem op 'n sekere sinsdeel gelê word, word dit deur die „dubbel akuut” aangeduie. Dit staan bekend as *oratoriese klem* en kan op woorde val wat gewoonlik swak klem kry.

<sup>1</sup> Persoonlike mededeling.

877. *Logiese klem* val alleen op sekere sinsdele, gewoonlik die predikaat, of op dele wat prominent moet wees, soos in die antitese 'xɛ:və *gewe* en 'fɛr'xɛ:və *vergewe*.

878. As in 'n sin nie spesiale klem gelê word op sekere lettergreep nie, val die klem gewoonlik op werkwoorde, selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, aanwysende, vragende en besitlike voornaamwoorde, en bywoorde. Wanneer wel spesiale klem gelê word op sekere sinsdeel, verloor die rondomstaande lettergrepe hulle klemsterkte.

879. Gewoonlik val die klem in 'n woord op die sonoorste lettergreep. Die gevolg is dat die ander lettergrepe, of liever die golftoppe daarvan, somtyds daal in sonoriteit: bv. kər'vei *karwei*, 'laksman of 'laksməŋ *laksman*.

880. Klem kan invloed hê op klanke. In Afrikaans vind ons baie voorbeelde daarvan. Stemlose en stemhebbende konsonante wissel alleen af in swakbeklemde lettergrepe: bv. p met b en t met d, netso ekspllosiewe met frikatiwe, bv. b met v en d met r. (Kyk die betrokke paragrawe.)

881. Hoof- en byklem kan afwissel, d.w.s. hoef nie altoos op dieselfde lettergreep te val nie. Dit heet *klemverskuiwing*. Klemverskuiwing berus op (a) psigologiese oorsake: die vernaamste woord en lettergreep kry die hoofklem, en (b) fisiologiese oorsake: die ritmiese prinsiep.

882. Woorde van ander woorde afgelei deur middel van agtervoegsels, verskuiwe die klem in die rigting van die agtervoegsel: 'fo:rbe:lt *voorbeeld*—fo:r'be:ldəx, 'hɑrtstəx *hartstog*—hɑrt'stəxtələk, 'əyftu:r *uitvoer*—əy't'fu:rba:r.

Wanneer egter 'n lettergreep van swak sonoriteit voor die agtervoegsel kom te staan, vind geen klemverskuiwing plaas nie: bv. 'ouər—'ouərlo:s *ouerloos* en 'həyvr—'həyvrəx *huiwerig*.

883. By party teenwoordige deelwoorde vind ook verplaatsing van klem plaas, soms met betekenisverandering: bv. 'əytmənt—əy't'məntənt *wilmuntend*, 'əplɛt—əp'lɛtənt *oplettend*, 'ənnə:m—ən'ne:mənt *innemend*.

884. By sommige samegestelde werkwoorde is daar klemverspringing, met betekenis- en grammatikale verandering: bv. 'ənrɛɑ:n (letterlik)—ənr'ɛɑ:n (figuurlik) *ondergaan*, 'fəlmɑ:k (letterlik)—fə'l'mɑ:k (figuurlik) *volmaak*, 'fo:rkəm (letterlik)—fo:r'kəm (figuurlik) *voorkom*, ens.

885. In samegestelde woorde kom die klem gewoonlik op die eerste deel: 'skəltmɑ:k *skuldmaak*, 'papsəpnat *papsopnat*, 'klɑŋkfərskəyvr *klankverskuiwing*, 'dɑ:spɑrtɛi *dansparty*, 'sakalmənak *sakalmanak*.

Opm.—By determinatiewe nominaal-komposita word die een lid deur die ander nader bepaal en die bepalende deel dra die klem: bv. 'kɑ:lɔkp *kaalkop*, lɛinto nci *kleintoontjie*, 'əunɔj *ounbi* 'səkəllə:pi *sukkellopie*.

886. In 'n woordgroep waarvan die dele half onafskeidbaar is, is die klem gewoonlik op die laaste gedeelte: bv. **ɛk xɛ: jou 'an** *ek gee jou aan*, **dɔktər 'krixə** *Dokter Krige*, **mudər na'ty:r** *moeder natuur*.

887. Wanneer in betekenisgroepe die klem van een woord na 'n ander verskuiwe, bring dit ook 'n verskil in betekenis mee: bv.

'**vɑ:r rei jei mɔ:rə** *waar ry jy môre (plek)?*

**vɑ:r 'rei jei mɔ:rə** *waar ry jy môre (manier)?*

**vɑ:r rei 'jei mɔ:rə** *waar ry jy môre (persoon)?*

**vɑ:r rei jei 'mɔ:rə** *waar ry jy môre (tyd)?*

888. As die klem oor die hele betekenisgroep versprei is, kry 'n mens *waarde-druk* of *nadruk*: bv.

**"dɑ:r-i "man | mɛt di "xro:t 'fuit | "fɛi-s di "skɛləm**  
*daardie man met die groot hoed, hy's die skelm.*

889. In tale soos Afrikaans en Engels is daar 'n reëlmatige afwisseling van klem, wat die ritme aan die spraak gee, in teëstelling met Frans, waar byna alle lettergrepe gelyke klem het. In die eersgenoemde tale word in klemgroepe gepraat en hang die toon baiekeer van die klem af.

890. Die klemgroepe waarin die samehangende rede in Afrikaans<sup>1</sup> en Engels kan verdeel word, hoef nie noodwendig saam te val met die reëlmatig voorkomende pouses nie: bv.

**ɛk'slɑ:p | ən-i 'rɔes | fan-i 'eu:ə | xə'sɔes | 'ʒxə'sin | 'ʒ:xə'ho:r**  
**ɛn 'dɔf | n 'lɔ:m | ə-mɛi 'sɔnə'dro:m | 'ʒ:xə'vɛk | 'ʒ:x'æsto:r**

*Ek slaap in die rus van die eeue gesus, ongesien, ongehoor,  
En dof en loom in my sonnedroom, ongewek, ongestoor.*

## HOOFSTUK XXIII.

### LENGTE.

891. *Lengte (kwantiteit)* is die tyd wat geneem word om 'n klank te artikuleer. Die tyd is baie verskillend, in die gewone omgangstaal, vir verskillende klanke: van .05 van 'n sekonde vir ent-**d** of -**t** tot .43-sekonde vir lang **ɑ:**.

892. En konsonante en vokale kan lank wees. Die lengte van eksplosiewe word deur die lengte van die sluiting bepaal.

<sup>1</sup> Franz Beyer sê op bl. 39, § 39 van sy *Französische Phonetik*: „Die energische Akzent der germanischen Sprachen konzentriert die Expirationskräfte, somit auch die lautliche Prägnanz, ganz vorzugsweise auf die Ton-silbe, und lässt dafür die unbetonten Silben in beider Hinsicht kümmerlich ausgehen, während der merklich schwächere französische Wortton den unbetonten Silben noch eine relative Selbständigkeit sichert.”

893. In die gewone omgangstaal kan gewoonlik twee hooflengtes waargeneem word, nl. *lang* klanke en *kort* klanke. Verder kan nog onderskeie word *ekstra-kort*, *half-lank* en *ekstra-lank*, maar dit word gewoonlik nie inaggeneem nie, as nie van praktiese waarde nie.

894. Lengte kan verskil in verskillende tale: *i:* is langer in Eng. *i:z ease* as in Afr. **bi:r** *bier*.

Lengte hang af van die artikulasiebasis van die volk en van die individu. Die laaste weer word geïgnoreer en is net die relatiewe en gemiddelde lengte van klanke in 'n taal van belang.

**Opm.**—Soos fonetiek die klankwaardes bestudeer en *tonetiek* die studie is van tone, so ook behoort die lengte van klanke onder 'n aparte kategorie, nl. *dureetiek*, te val.

895. Lengte word in die internasionale fonetiese skrif voorgestel deur: vir lang klanke, geen tekens vir kort klanke nie en · vir halflang klanke. Gewoonlik word die tekens alleen by vokale gebesig.

896. Fonemiese lengte kan karakteristiek wees van sekere vokale, of kan betekenisveranderinge teweegbring, dus semantiese betekenis hê, soos in Afrikaans **pɔ:nt** „*munstuk*” naas **pɔnt** *pont* „om oor 'n rivier te vaar,” **fɛ:rs** „*jong koei*” naas **fɛrs** *vers* „aantal reëls.” Dit behoort egter tot die hoogste uitsondering in Afrikaans.

897. In Afrikaans en Duits is daar 'n eienaardige soort van fonemiese lengte. Waar die lang en kort vokale tot dieselfde foneem behoort, kry ons in genoemde tale by sommige lang vokale meer spierspanning en is daar effe 'n verandering van die stand van die organe van die kort vokaal, gewoonlik na die kardinale lyn toe. Die kwantiteit beïnvloed dus die kwaliteit: bv. **ɛx** *eg*—**ɛ:ə** *êe*, **ɦɛt** *het*—**ɦɛ:** *hê*.

898. Die volgende algemene reëls is van toepassing in verband met konsonant-lengte, soos deur eksperimentele ondersoek verkry:—

- (1) Eksplosiewe is korter as frikatiewe en half-vokale.
- (2) Stemlose klanke is gewoonlik korter as stemhebbende klanke.
- (3) Die lengte van die konsonante word gewysig na verhouding van die woordlengte.
- (4) Klem op seker lettergrepe verleng die konsonante in die betrokke lettergrepe.

**Opm. 1.**—Die laaste reël is baie belangrik. Tussen lengte en klem bestaan daar 'n nou verband, maar die twee is nie dieselfde nie. In metriek is dit klem, en nie lengte nie, wat die verskil tussen die versvoete bepaal.

**Opm. 2.**—By die laaste reël kan gevoeg word dat konsonante met lae toon uitgespreek langer is as die met hoë toon uitgespreek.

899. Die absolute lengte hang af van die tempo waarin gepraat word: hoe vinniger die tempo, hoe korter die klanke en daar is net soveel tempo's as in musiek. Die absolute lengte is dus psigologies van aard en hang van die gemoedstemming van die spreker af. Daarom is kommando-bevele kort. Die lang klanke ly, na verhouding, meer as die kort klanke by vinnige uitspraak.

Opm.—Volgens Jespersen is daar twee faktore wat die lengte bepaal :

- (i) Die innerlike toestand („innerlich bestimmte Quantität”),
- (ii) Die uiterlike toestand, d.i. klem, omgewing, ens. („äusserlich bestimmte Quantität”).

900. *Vokaal-lengte*.—Daar bestaan geen definitiewe reëls vir Afrikaans wat 'n mens in staat stel om op grond van die woordbou te sê of die vokaal lank of kort is nie. Die resultate wat hier gegee word is alleen van toepassing op Afrikaans self en is nie bedoel om vergelykend te wees nie.

901. Uitgaande van kimografiese ondersoekinge, vind 'n mens vyf vokaallengtes in Afrikaans, wat vir praktiese doeleindes gereduseer kan word tot twee, hoogstens drie lengtes.

(i) Daar is 'n uiters kort lengte, wat meestal in lettergrepe met swak klem voorkom. Vokale waarby hierdie kort lengte gewoonlik aangetref word is kort *i* en *ə* in woorde soos 'kiki (die tweede *i*) *kiekie* en *mə'ny't minuut*.

(ii) Dan is daar 'n kort lengte wat die volgende vokale kan hê in oop en geslote lettergrepe, nl. *i*, *ɛ*, *a*, *ɔ*, *u*, *y*, *œ* en *ə*: bv. *mit miet*, *slɛx sleg*, *vakər wakker*, *skɔtəl skottel*, *rut roet*, *nys nuus*, *brœx brug*, *pət pit*.

(iii) Dubbel die lengte van die vokale in (ii) kom voor by lang vokale, nl. by *i:*, *e:*, *ɛ:*, *a:*, *ɔ:*, *o:*, *u:*, *y:*, *ø:*, *œ:* en *ə:* (die laaste twee net in oop lettergrepe).

Die vokale kan in oop of geslote lettergrepe voorkom, met uitsondering van *œ:* en *ə:*; meestal met hoofklem. Die kort vokale in (ii) dra ook gewoonlik die woordklem, behalwe die *ə*. Voorbeelde: *fi:r vier*, *fe:r veer*, *skɛ:r skêr*, *xrɑ:və grave*, *mɔ:rə môre*, *lo:t loot*, *bu:r boer*, *sty:rs stuurs*, *kø:sə keuse*, *brœ:ə brûe*, *və:ə wêe*.

Opm.—Die vokale *i:*, *y:*, *ɔ:*, *u:* is lank alleen voor *r* en by sinkopee en nasalering (uitsonderinge is *spi:l spieël*, *pɔ:nt pond* en *ku:l koeël*), en het dus fonemiese lengte. Ook *ɛ:* het deurgaans fonemiese lengte. Hy is lank voor *r* en in die oop lettergrepe van 'n paar woorde waar die byhorende klank deur sinkopee verdwyn het, soos in *sɛ: sê*, *lɛ: lê*, *ɛ:ə êe*, *lɛ:ər lêer*. Wat *œ:* en *ə:* betref, hulle het fonemiese lengte deur weglaf van die op hulle volgende konsonante: bv. *brœ:ə brûe*, *rœ:ə rûe*, *və:ə wêe*.

(iv) By nasalering van vokale kry ons die lengte van die vokaal + die lengte van die verdwene nasaal. In die gewone omgangstaal, egter, bestaan die neiging om, waar lang vokale genasaleer word, die genasaleerde vokaal korter te maak as die lengte van die lang vokaal + die van die nasaal. Die genasaleerde kort vokale het byna die lengte van die suiwer lang vokale: bv. *xɔ:s gons*, *xrɛ:s grens*, *stɛfɑ:s Stefaans*, *lœ:srim lunsriem*.

(v) Eindelik is daar 'n gerekte lengte, aangedui deur ::, soos in *bai::ə baie*, *ka::fər kaffer*, *fɛ::r ver*.

902. Vir gewone praktiese doeleindes kan (v) uitgeskakel word en vorm (i) en (ii) saam kort vokale, en (iii) en (iv) saam lang vokale.

903. Diftonge kan lank of kort wees. Die diftonge **au**, **ou**, **ui**, **ei** en **œy** is kort in Afrikaans, **eu**: en **oi**: altyd lank; **ai**(:), **ei**(:) en **œi**(:) kan kort of lank wees.

904. Dis moeilik om die invloed van konsonante op vokale na te gaan, hetsy met die oor, hetsy eksperimenteel, want by stemhebbende konsonante is daar trilling van die stembande, wat saamsmelt met die vokaaltrillinge wat die konsonant voorafgaan of volg. Dis dus moeilik om die vokaal van die stemhebbende konsonant te skeie, ook op die kimograaf, waar die pennetjie vir 'n konsonant en vokaal tril.

905. Met die oor kan jy jou maklik bedrieg, veral by **l** en **r**, omdat hulle vokalties-gekleurd is en dus 'n illusie van verlenging van die voorafgaande vokaal laat ontstaan. Afdoende bewys is egter deur eksperimente gelewer dat voor **l** en **r** kort vokale nie verleng word nie. Die **ɔ** van **kɔl** *kol* is nie langer as die van **kɔs** *kos* nie, die **a** van **kar** *kar* nie langer as die van **kas** *kas* nie. Dat **i**, **y** en **u** soms lank is voor **r**, is „versteende” lengte, nie tans bestaande verlenging nie. Voor **l** is die lengte die gevolg van sinkopee: bv. **spi:l** *spieël*, **ku:l** *koeël*.

**Opm. 1.**—Kimografiese ondersoekinge toon aan dat 'n vokaal in 'n een-lettergrepe woord langer is as dieselfde vokaal in 'n meerlettergrepe woord: bv. die **a**: van **ka:l** *kaal* is langer as die van **ka:lə** *kale* en die laaste **a**: is weer langer as die van **ka:lərəx** *kalerig*.

**Opm. 2.**—Waar twee konsonante deur assimilasie een geword het, is daar geen sogenaamde dubbellengte nie (vgl. §§ 377-378), soos **salɪ** van **sal ni** *sal nie*, **vafər** *waffer* van **vat fər** *wat vir*.

**Opm. 3.**—Die sluiting van stemlose konsonante wat voor ander stemlose konsonante te staan kom, word verkort: bv. die **t** van **fət** *vet* is langer as die **t** van **fətkuk** *vetkoek*.

## HOOFTUK XXIV.

### INTONASIE.

906. Wanneer 'n buitelanders leer om Afrikaans te praat, val dit dadelik op dat, hoewel hy klanke en sinsbou perfek mag hê, hy nog nie Afrikaans praat nie. Wat nog kortkom is iets waarop totnogtoe min ag geslaan is; dit is die opeenvolging van verskillende tone op mekaar. Elke taal het sy eienaardige opeenvolging van tone in die samehangende rede. Die styging en daling van toonhoogte („pitch”) onder die spreek heet *intonasie*.

907. Dog, hoewel die spraakmelodie iets instinktiefs en inherents is en 'n verandering in die toon van iemand se praat die eerste is wat die aandag trek, moet verstaan word dat hier alleen *relatiewe*



toon bedoel word, omdat die toon van die een individu van die van die ander verskil en ook die toon van een bepaalde individu nie altyd stabiel is nie, daar dit verander met die gevoelens van die persoon. Wat egter in hoofsaak onveranderd bly is die relatiewe hoogte van die tone en die verplaasings na 'n hoër of 'n laer toontoets is net willekeurig. Wanneer 'n stukkie Afrikaanse prosa in Frans vertaal word en die Fransman moet dit lees, sal dadelik die verskil in daardie relatiewe toonhoogte merkbaar word in vergelyking met die van die Afrikaner wat die Afrikaanse stukkie lees.

908. Soos reeds aangehaal, is daar 'n styging en daling in toon, wat immers van een toon moet styg of daal na 'n ander. Die woord „toon” het dus 'n dubbel betekenis, naamlik : (a) *toonhoogte*, wat aantoon of die toon *hoog*, *middelmatig* of *laag* is, en (b) *rigting*, wat aantoon of die toon *stygend*, *gelykmatig* of *dalend* is.

909. Toon, wat ook sy betekenis mag wees, hang af van die foon of klank wat ontstaan deur die trilling van die stembande en die verskil in toon ontstaan deur die verskil in die aantal van die trillinge per gegewe tydseenheid. Waar die samehangende rede dus bestaan uit klanke, stemhebbend en stemloos, sal alleen die stemhebbende klanke die intonasie bepaal, aangesien by stemlose klanke die stembande nie tril nie.

910. In fonetiek word elke hoofklank deur 'n aparte teken aangeduie. Daar die studie van tone egter nog in 'n empiriese stadium is, is dit moeilik om elke toon wat, byvoorbeeld in Afrikaans, bestaan, presies aan te duie en, soos reeds gesê, is daar sulke fyn verskille wat van die gemoedstoestand afhang, dat dit nie kan opgeteken word nie. 'N mens kan egter naastenby die verhouding van een klank tot die ander aanduie wat betref die toon. In hierdie werk het die outeurs die stelsel van L. Armstrong en I. Ward<sup>1</sup> gevolg, wat hulle weer, met enige wysiginge, van Klinghardt en de Fourmestaux<sup>2</sup> oorgeneem het. Lettergrepe met klem word deur — aangeduie, die sonder klem deur • ; stygende tone met /, dalende met \ ; stygend-dalende tone met Λ, dalend-stygende met √. Dit gee die leser 'n goeie voorstelling van die intonasie, hoewel dit nie die bepaalde musikale noot aangee nie. Hoewel die tone vanmekaar voorgestel word, moet egter verstaan word dat hulle meer of min inmekaar vloei.

911. Toon kan onder twee rubrieke geklassifiseer word : (a) *karakteristieke* toon, wat die intonasie van die een nasie van die van 'n ander onderskeie ; (b) *betekenis aanduidende* toon, wat net tot een taal beperk is en waar alleenlik deur toonverandering nder begrippe kan ontstaan.

912. Betekenis aanduidende toon kan weer as volg onderverdeel word :—

<sup>1</sup> L. Armstrong and I. Ward : *A Handbook of English Intonation*.

<sup>2</sup> Klinghardt and de Fourmestaux : *French Intonation Exercises*.

(a) *Semantiese* toon, waar woorde, eners in fonetiese bou, verskil in betekenis uitdruk net deur verandering in toon, soos veral in Soeloe aangetref word.

(b) *Grammatikale* toon waar, met 'n verandering van funksie in die sin, woorde of woordgroepe 'n ander intonasie kry.

(c) *Emosionele* toon, waar die psigologiese faktore, stemming, emosie, toonsterkte, meer lewe en groter toonverskille meebring. Carlyle het êrens gesê: „All passionate language does of itself become musical, with finer music than mere accent; the speech of man, even in zealous anger, becomes a chant, a song”.

913. Waar in Frans die klem baie min te doen het met die toon, is in Afrikaans die klem en die toon byna onafskeidbaar verbind. As die asem kragtiger uitgestoot word by 'n beklemde lettergreep, verander ook die toon, sodat dit partykeer moeilik is om te bepaal wat die woord prominent maak, die intonasie of die klem. Ritmies kom die beklemde lettergrepe in Afrikaans voor en tog is die taal nie eentonig nie, want daar is altyd 'n verandering van toon en ook 'n verandering van toontoets, as die toon òf na 'n hoë òf na 'n lae toets verplaas word in die rede. As die klem reg is en die intonasie verkeerd, sal 'n persoon nie Afrikaans praat nie, maar as die intonasie reg is, sal 'n mens, in weerwil van die klem, tog die Afrikaner herken. Besondere klem of nadruk laat ook 'n verandering in toon volg, en daarom kan ons by die studie van *sintaktiese* toon in Afrikaans onderskeie tussen gewone sinne en sinne met besondere nadruk.

#### GEWONE SINNE.

914. In Afrikaans kan, net soos in Engels, in die gewone spraak twee hoofrubrieke van toonopeenvolging opgemerk word:—

(a) Met 'n dalende intonasie aan die end van die woord- of betekenisgroep:

— . — . ) .  
 .....  
**jan xa:n 'mɔ:rə 'sko:ltu**  
*Jan gaan môre skooltoe.*

(b) Byna soos (a), maar met 'n stygende intonasie aan die end:


— . — .  
 .....  
**xa:n jɛi 'mɔ:rə 'dɔrptu ?**  
*Gaan jy môre dorptoe ?*

915. Dalende intonasie kom voor in Afrikaans:

(a) By gewone stellende sinne:  
**'di 'meisi əs ə 'flgri.**  
*Die meisie is 'n flerrie.*


'hei hēt sei 'be:n xə'bre:k.

*Hy het sy been gebreek.*



'fo:rfærle:də ja:r vas dət 'baie 'dro:x.


*Voorverlede jaar was dit baie droog.*



(b) By bevele :

'kəm na-ri 'bɔrt tu.

*Kom na die bord toe.*




jei 'brəŋ 'da:ri 'dəŋ<sup>1</sup>'ni<sup>1</sup> 've:r əp  
mei 'vɛrf ni.

*Jy bring daardie ding nie weer op  
my werf nie.*



'sta:dəx a:ni 'rɛxtərkant.

*Stadig aan die regterkant.*




<sup>1</sup> ↑ word gebruik om aan te dui dat die opeenvolging van tone gebreek word en daar, om eentonigheid te vermy, 'n styging in toon is, vanwaar dit weer daal. Dit word net gebruik by toongroepe wat uit baie beklemde lettergrepe bestaan.

(c) By vrae wat nie die antwoord „ja” of „nee” vereis nie, naamlik pronominaalvrae of die wat met 'n vragende bywoord begin. Die daling begin vanaf die pronomens of die adverbium :


'vi hēt sei 'kɔs la:t 'sta:n ?

*Wie het sy kos laat staan ?*



va:r hēt jeɪ 've:r 'rɔntxəlo:p ?


*Waar het jy weer rondgeloop ?*



Ook by die disjunktiewe vraag is die toon dalend :

'li:x jeɪ əf 'pra:t jeɪ di 'va:rɦeit ?

*Lieg jy of praat jy die waarheid ?*




916. Stygende toon aan die end word veral aangetref :—

(a) Waar daar geen sekerheid omtrent die stelling is nie :


gk 'vet ni əf hei kan 'kəm ni

*Ek weet nie of hy kan kom nie.*




sei 'skreif tɔx ni 'so: ni

*Sy skryf tog nie so nie.*



(b) In samegestelde en veelvoudige sinne, waar sinsdele mekaar deur 'n kort pouse afskeie, is daar geen algehele daling in toon soos aan die end van sinne nie, maar voor 'n middellang pouse word daar byna altyd en by 'n lang pouse altyd daling aangetref:


as jei bə'lo:və | sal ək 'sa:mxa:n || mɑ:r jei sal 'e:rs mut 'vax ||  
*As jy belowe, sal ek saamgaan, maar jy sal eers moet wag.*



(c) Vragende sinne wat die antwoord „ja” of „nee” vereis het 'n stygende betoning:

vəl hei 'ni ə 'mæs 'ko:p ni ?

*Wil hy nie 'n mes koop nie ?*



əs dət jou bə'xe:rtə əm pre:də'kant tə'vɔrt ?


*Is dit jou begeerte om predikant te word ?*



(d) By uitroepsinne het die gevoelselement kragtig meegewerk om 'n stygende intonasie teweeg te bring :

dət əs ə 'praxtəxə 'əytsəx !

*Dit is 'n pragtige uitsig !*



'jou ə'no:sələ 'kləpste:n !


*Jou onnosele klipsteen !*



(e) By beleefde versoeke is daar ook 'n stygende intonasie :

'xe: fər mei di 'buk ə:n.


*Gee vir my die boek aan.*






#### SINNE MET SPESIALE NADRUK.

1917. Hier is dit net te doen om die invloed van klem op toon. Besondere nadruk word gebruik om die betekenis uit te brei, of om woorde of sinsdele meer prominent te laat uitkom as ander. Besondere nadruk kan net die toon van die beklemde lettergreep verander, of dit kan die verskil tussen die hoogste en die laagste toon in die sin groter maak as by gewone sinne, of dit kan die hele toets laer bring, sodat daar byna gefluister word. Talryke voorbeelde kan verkry word uit die Afrikaanse spreektaal, want die Afrikaner is lief om besondere nadruk op iets te lê. Met verandering in klem en toon kan die sinnetjie „Jan ry weg” verskillende betekenisveranderinge ondergaan.




*Stelling:*



Vraag :

		
"rei Jan vex?	rei "Jan vex?	rei Jan "vex?

Bevel :

		
"Jan, rei vex!	Jan, "rei vex!	Jan, rei "vex!

918. Die studie van tone val onder *tonetiek*, die wetenskap wat handel oor die betekenis, karakter en verandering van tone in die samehangende rede, en oor die semantiese en grammatiese veranderinge en ander verskynsels wat onder toon-invloed ontstaan. Net soos die foneem by fonetiek, so is die *toneem* 'n vername faktor by tonetiek. Toon-studie en tonologie is 'n nuwe, maar teweens 'n baie belangrike studie in verband met filologie en taalontwikkeling.

**Literatuur:**—*Bantu Studies, Volume II.*, No. 2; Coleman, *Intonation and Emphasis*; C. M. Doke, *The Phonetics of the Zulu Language*; H. Klinghardt en M. de Fourmestraux, *French Intonation Exercises*; H. Palmer, *English Intonation with systematic exercises*; Daniel Jones, *Intonation Curves*; K. E. Laman, *The Musical accent or Intonation in the Kongo Language*; L. Armstrong en I. Ward, *A Handbook of English Intonation*; Wundt, *Völkerpsychologie*.

## HOOFSTUK XXV.

### RITMIEK.

919. Ritme is die ewigheid van die lewe, soos dit in die tydelike kan verskyn. Die gevoel wat ontstaan het uit arbeid en intiem deelneem aan die lewe self word gekenmerk deur lewensbeweging, 'n reëlmatige afwisseling van sterk en swak.

920. Daar is ritme in die sistool-diastool-geklop van die hart, in die doe-oe-gedreun van 'n dorsmasien, in die reëlmatige kom en gaan van die somer en die winter, in die geklapwiek van die vlerke van 'n aasvoël, op-neer, op-neer, as hy ver oor die vlaktes vlie, na iets wat die ritme van die lewe van die hede uitgeskakel het na die verlede.

921. Die persepsie van ritme is dus beide psigologies en fiesies : die laaste versover die sintuie dit kan waarneem, die eerste versover daar assosiasies en daaruitvoortspruitende verstandstoestande ontstaan.

922. In verskuns of metriek is daar 'n reëlmatige opvolging van klemgroepe, verkeerdelik lengtegroepe genoem, o.a. die jambe-, daktilus- en die trogee-maat. So gebonde is egter die gewone rede nie.

923. Nie alleen hoor 'n mens jouself praat nie, ook voel jy dit. Die gevoel bepaal die ritmiese afdelinge. Wundt sê: „Zwei Eigenschaften unseres Bewusstseins sind es jedoch, die für jede Art rhythmischer Gliederung äusserer Reize massgebend bleiben. Die eine besteht in dem unter wechselnden Bedingungen innerhalb gewissen Grenzen variierenden Umfang des Bewusstseins, die andere in den mehr oder minder regelmässigen Schwankungen der Aufmerksamkeit.“ Die laaste bepaal of indrukke sterk of swak waargeneem word.

924. Rousselot beskou dit weer van 'n fiesiese standpunt<sup>2</sup>: „Le rythme est le retour périodique de pieds, de coupes, d'incises, de phrases, dont la mesure est réglée, d'un côté par les variations de l'effort articuloire et les limites de l'expiration, de l'autre par le besoin d'expression et les exigences de la pensée.“

925. Drie faktore bepaal die ritmies-musikale vorme, die eers-genoemde meer die ritme:

- (i) die klem of sterkte van die artikulasie;
- (ii) die lengte van klanke, wat deur die eerste beïnvloed word;
- (iii) die kwalitatiewe element van die toonhoogte.

926. As nawerking van die eerste twee faktore kan daar reëlmatig 'n spannings- en verslappingsgevoel ontstaan. Omdat daar op sekere dele meer nadruk gelê word, sal daar by hulle ook meer tyd geneem word en dus nà hulle gevoelspouses of „Einschnitte“ ontstaan.

927. Die ritmiese bou van die menslike rede kan of kan nie met die sintaktiese bou van die woorde ooreenstem nie. Ons spraak-eenheid is nie die woord of die lettergreep nie, ook nie die sin nie, maar die „spreekтакт“, wat deur die gevoelspouses afgebaken word. Net soos daar drie klem- en ook drie lengtegrade is, asook hoofsaaklik drie hoof-toonhoogtes, so ook vind 'n mens drie grade van pouses. Die langste kom na die hele „takt“ of begripsgroep, die middelste hang van die betekenisgroep af en die kortste is weer van die klemgroep afhanklik.

928. Die „takte“ berus weer op 'n psigologiese herkenning-gevoel: een serie heeltemal in die bewussyn, terwyl die ander buiten die drumpel is, maar na die artikulasie van die tweede serie-ontstaan die herkenning-gevoel.

929. Volgens Wundt bring twee aanmekaar gelyke ritmiese series voort gevoelselemente van opwinding, spanning, verslapping en van welgevalle in gelyke kwaliteit en intensiteit, sodat daardeur die totaalgevoel van die een serie aan die ander gelyk is.

<sup>1</sup> Wundt, *Völkerpsychologie*, bl. 391.

<sup>2</sup> *Principes de Phonétique Expérimentale*, bl. 1089.

930. Die ritmiese bou van die sin hang dus af van die gevoelsinwerking (psigologies) en die klem en pouses (fiesies-foneties). Gewoonlik, maar lank nie altyd nie, skeie woordgroepe hulleself af deur die kort pouse (I), die bysin of hoofsin deur die middellang pouse (II), en die volsinne deur die lang pouse (III):—

sei strøykəl a:n || fǣ:r bæytəkant di pat | əni vustə fǣlt || ən fiɑ:r hart brant ǣn blui dɑ:r | ə rouə | ro:flo:sə le:xtə || vat idərə o:mblək dreix | əm fiɑ:r afxəmartəldə ləxɑ:m | ne:r tə smak || dɑ:r əni fǣlt || (Preller).

nou ja: || ǣk fiɑ:r tu xəstər || əf vas dət ɛ:rxəstər || dət vəl meɪ nou so xut beifal || vələmsə fǣlt xəstər fiɑ:vər xəlai: || ja: | dəs rǣx || dət vas xəstər || nou ja: || ǣk fiɑ:r tu xəstər | bei o:m andris || dat mənɛ:r dəklerk | altəmət | imant sal no:dəx kreɪ || əm fiɑnt bei tə sət || (van Bruggen).

931. Waar woorde of woordgroepe nie op hulle gewone plek in 'n sin voorkom nie, word langer gepouseer, om nie verwarring te laat ontstaan nie. Dit is ook die geval na 'n bepalende bysin of woordgroep wat op 'n subjek volg:—

'pit || slɑ:n jan, menende jan slɑ:n pit.

'rǣt | kən sei di kənt dɑ:r | ni me:r ni.

di bo:mə || dɑ:r te:n di fiɑn fiɑn di bælt || əs dø:r meɪ oupa xəplɑnt.

## HOOFSTUK XXVI.

### STERK EN SWAK VORME. FONETIESE WOORDGROEPE.

#### STERK EN SWAK VORME.

932. Ons het nog nie die stryd tussen die „ek-manne” en die „ik-manne” vergeet nie. Altwee groepe het by hoog en laag gesweer dat hulle nooit die vorm van die teenstanders gebruik nie. Waarheid is egter dat elke Hollandse Afrikaner sowel die ɛk-vorm as die ək-vorm gebruik, alnamate hy meer of minder klem lê op die voornaamwoord: bv. 'ǣk-ət nəks xəve:t ni ɛk het niks geweet nie teenoor as ək 'its xəve:t-ət as ek iəts geweet het.

933. Die eerste vorm word genoem die *sterk*, die laaste die *swak vorm*. In die gewone spelling word gewoonlik uitgegaan van die sterk vorme en dit as norm beskou. Daarom word net erken vorme soos ǣk *ek*, fiufe:l *hoeveel*, so:fe:l *soveel*, al bestaan daarnaas die ewe gewone of gewoner vorme ək, hufəl, so:fəl of sœfəl.

934. Die „sterk vorm” is dus die voller vorm, waarvan die gebruik berus op 'n meerder mate van klem; die „swak vorm” is die minder vol vorm, waarvan die gebruik die gevolg is van 'n

minder mate van klem. Dit is niks meer as natuurlik nie. Immers, in die natuurlike spraak kry lettergrepe nie dieselfde mate van klem nie, met die gevolg dat die minder-beklemde verswak kan word. Sodanige verswakking kan beteken dat 'n voller klank vervang word deur 'n minder vol klank, waarvan die gewoonste geval is dat ə die plek inneem van 'n vol klinker. Dit kan ook gebeur dat een of meer klanke heeltemal verdwyn: bv. **s** vir **əs** in **da:r-s-ei** *daar's hy* en **t** vir **hət** in **hei-t** *mei xəsin hy't my gesien*.

935. Die gebruik van sterk en swak vorme is nie iets individueels nie, nog minder is dit beperk tot sekere tale. Dit word aangetref by elke spreker en kom voor in elke taal, al is dit juis dat die persoon wat onnatuurlik, in minder of meerder mate bewus praat daar minder gebruik van maak as die een wat natuurlik praat, en die een taal daar ryker aan is as die ander. Die swak vorme van woorde bestaan in die spreektaal om die ritme in die uitspraak, die „arses” van die spreektaal.

936. Die afwisseling van sterk en swak vorme maak dus 'n integrerende deel uit van die taal van elke spreker en behoort tot die wese van elke taal. Wie insig wil hê in taal, en veral diegene wat hulle toelê op fonetiek, moet sorgdra dat hulle hul oortuig van die bestaan en omvang van hierdie taalverskynsel.

937. 'N vorm word gewoonlik as swak beskou alleen versover daarnaas 'n voller vorm bestaan. So skrywe ons *musiek* en *patroon*, maar spreek uit **məsik** en **pətro:n**. In vergelyking met die Nederlandse vorme *myzik* *muziek* en *patro:n* *patroon* is die Afrikaanse vorme natuurlik verswak. Beskou ons die betrokke vorme egter nie histories nie, maar van die standpunt van Afrikaans, dan geld hulle as vol vorme. So word die term in hierdie werk gebruik.

938. Die swak vorme vind ons deurgaans by dié woordsoorte wat gewoonlik nie die hoofklem dra nie, d.w.s. deurgaans nie by selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, telwoorde en werkwoorde nie, maar by voornaamwoorde, artiekels, voorsetsels, voegwoorde, bywoorde en hulpwerkwoorde: bv. **ei**, **əm**, **ət** vir **hei** *hy*, **həm** *hom*, **dət** *dit*, **sən** vir **səin** *syn*; **i** vir **di** *die*; **an**, **mət** en **mut**, **tin** vir **a:n** *aan*, **mət** *met*, **te:n** *teen*; **ən**, **e:rt**, **na:t**, **ma** en **mar**, **t** vir **ən** *en*, **e:rdat** *eerdad*, **na:dat** *nadat*, **ma:r** *maar* en **dat** *dat*; **vanər**, **hufəl**, **sus** en **so:s**, **nəs**, **da** en **dar** vir **vane:r** *wanneer*, **hufe:l** *hoeveel*, **so:as** *soas*, **nətso:as** *netsoas*, **da:r** *daar*; **ət** of **t**, **s**, **səl**, **lat** vir **hət** *het*, **əs** *is*, **sal** *sal*, **la:t** *laat*.

939. Let op die volgende sinne, waarvan ons eers die swak vorm gee en dan die sterke: (1) **hei səl-i its an-əm bəlo:və**, **fə:r ən ale:r-ei-t ni xəsin-ət ni vir hei sal ni its a:n həm bəlo:və**, **fə:r ən ale:r hei dət ni xəsin hət ni hy sal nie iets aan hom belowe, voor en alee hy dit nie gesien het nie**; (2) **ma(mar) jei ve:t noi:t vi-t-ei lat xa:(n)-ni(xan-i) vir ma:r jei ve:t noi:t vi dat hei**



la:t xa:n ni maar jy weet nooit wie dat hy laat gaan nie ; (3) vanər kəm-gi vir vane:r kəm hei wanneer kom hy ; (4) da(dar) vas tve: sa:(m)-mət(mut)-əm, vat nəs skələms xəleik-ət vir da:r vas tve: sa:(m)-mət həm, vat nətso:(a)s skələms xəleik hət daar was twee saam met hom, wat net soos skelms gelyk het.

940. Verswakking kan ook ontstaan deur sametrekking : bv. dā:ntu, vā:ntu vir da:rnatu daarnatoe, va:rnatu waarnatoe. Op die manier kan 'n paar woorde tot een geheel samegetrek word : bv. xe:rsa of xe:rso vir xe:hirsā of hirso gee hērso, dəs vir dət əs dit is, en in die K.-W.P. kəra vir keik da:r kyk daar.

Die verswakte vorme klɔŋ klong, klɔŋki klonkie en kləmeit kleinmeid is die algemene vorme in die W.P., terwyl daarbuite die vol vorme kleipjɔŋ kleinjong, kleimeit kleinmeid gebruik word. Let ook op die vorme nɑ:nt vir nɑ:dərhan̄t naderhand en ā:s vir ā:stɔ:s aanstons.

941. Assimilasievorme kan ook beskou word as verswakte vorme : bv. ən-i tœyn vir ən di tœyn in die tuin.

#### FONETIESE WOORDGROEPE.

942. Klanke verander in 'n woord onder invloed van naburige klanke : bv. die n van kant kant > ɲ voor die c van kapci kantjie, terwyl die t heeltemaal verdwyn ; die n van die voorvoegsel ən-> m voor die m van əmo:ntək onmoonklik.

943. Sodanige klankveranderinge vind egter nie alleen plaas in woorde nie, maar netsogoed in „fonetiese woordgroepe”. By die spreek word seker woorde, op grond van die onderlinge betekenis, die onderlinge verband, saamgegroepeer tot eenhede, net soos die klanke van 'n woord 'n eenheid vorm. Van fonetiese standpunt beskou, is sodanige woordgroepe netsogoed eenhede as wat die klanke van 'n woord dit is. Sodanige woordgroepe kan in fonetiese skrif dan ook aaneengeskrewe word, net soos in die geval van woorde. Omdat ons nou eenmaal gewoon is om woorde as eenhede te beskou, gebeur dit meestal nie in fonetiese transkripsies nie. Sodanige woordgroepe heet *fonetiese woordgroepe*.<sup>1</sup>

944. Net soos klanke in 'n woord verander onder invloed van naburige klanke, so gebeur dit in fonetiese woordgroepe. Let bv. op die n en die t van fant vind, op die n van dan dan en op die t van mut moet in die twee fonetiese woordgroepe van die volgende sin : fəɲjeidislənda:r, damujeihəmdo:tma:k<sup>2</sup> vind jy die slang daar, dan moet jy hom doodmaak.

945. Soos blyk uit §§ 941 en 943, kan verswakkinge voorkom nie alleen in woorde nie, maar ook in fonetiese woordgroepe.

<sup>1</sup> Dit kan ook *logiese woordgroepe* genoem word.

<sup>2</sup> Die eerste outeur sou die d van di, as staande in intervokale posisie in 'n swakbekslemdede lettergreep, verander in r.

946. Klanke behoort nie alleen op sigself bestudeer te word nie, maar ook met die oog op die naburige klanke van die woord en die fonetiese woordgroep.

## HOOFSTUK XXVII.

### FONETIEK EN ELOKUSIE.

947. Uit die voorafgaande bladsye is duidelik geblyk wat onder „fonetiek” te verstaan is. Dis nie ons bedoeling om hier ’n breedvoerige uiteensetting te gee van „elokusie” nie. Daarvoor is dit hier nie die plek nie. Dis egter dringend noodsaaklik om die gebied van die twee onderwerpe in hooftrekke aan te duie en sodoende die onderlinge verband in ’n juiste lig te stel.

948. Dikwels word die term „elokusie” gebruik asof dit die wyer begrip is, wat „fonetiek” insluit, terwyl, soos ons straks sal sien, die teendeel die geval is. Weliswaar maak die fonetikus hom nooit aan hierdie wanvoorstelling skuldig nie, maar dis een wat nietemin dikwels ontmoet word en wat veral in ons land baie gewoon is. Persone wat die grofste flaters sal maak oor die elementêre fonetiese aangeleenthede, is gereed om te pas en te onpas te oreer oor sogenaamde fonetiek, en dan altyd so asof wie elokusionis is, om die rede vanself ook alles weet van fonetiek.

En dit bly nie by oreer nie; ongelukkig nie. Dis hierdie mense wat so graag dekreteer wat die korrekte uitspraak van ’n woord is, ’n heblikheid waarvan die fonetikus dan later die skuld kry en sy vak ’n volstrek onverdiende blaam moet dra, terwyl die ware fonetikus tog nooit dekreteer nie, maar waarneem, skif en beskrywe (vgl. § 8).

Vir hierdie persone bestaan daar gewoonlik ook net een uitspraak; die ander is onfatsoenlik, onbeskaaf, word deur niemand wat iets weet gebruik nie, of bestaan glad nie! Tog is hierdie selfde mense maar alte dikwels nie bewus van hoe hulle self uitspreek nie, nie in staat om hulle eie uitspraak te analiseer nie en nie by magte om te vertel wat die gewone, laat staan die gewoonste uitsprake van hulle landgenote is nie.

949. Op die manier geraak fonetiek, ’n buitengewoon interessante wetenskap en een wat onmisbaar is by alle taalstudie en taalonderwys, in diskrediet. Ons wil nie die skuld hiervan alles ten laste lê aan die elokusionis nie. Diegene wat, ter goeder trou, die taak op hulle geneem het om fonetiek te doseer het daar dikwels self heelwat skuld aan. Hoe baiekeer het persone hulle nie opgewerp as dosente van fonetiek nie, sonder ewenwel die nodige kennis daar-